

MOET EK UIT DIE GEVAARSONE (DIE WÊRELD) EMIGREER?



deur Stephan Joubert (E-Kerk)

Sommige gelowiges is vasgevang tussen twee wêrelde genaamd kerk en wêreld. **Hulle verkies om meer tyd deur te bring op dit wat hulle as God se eksklusieve terrein beskou, naamlik die wêreld van die kerk. Daar voel hulle veilig.** Daar weerlink God se Woord en daar word Hy geloof. **Die "regte wêreld" buite die kerk is vir diegene wat die veiligheid en voorspelbaarheid van godsdienstige bomskuilings verkies, gevaaarlik en onvoorspelbaar.** G'n wonder nie dat hulle graag tekste soos **2 Korintiërs 6:14-7:1** gebruik as motivering om weg te bly uit die "sondige wêreld."



Maar is dit wat Paulus regtig bedoel het? **Bedoel hy naamlik dat ons die mure van ons geestelike skuilings al hoe dikker rondom onself moet bou wanneer slegte dinge rondom ons toeneem?** Moet ons die wêreld as 'n vyandige plek sien waar "ons" teenoor "hulle" stelling inneem? Moet ons onself uit die wêreld onttrek en slegs met "geestelike dinge" besig wees? **Moet ander mense eers presies soos ons wees voordat ons vir hulle plek maak in ons midde?**

Ek dink nie so nie. **Paulus het nie bedoel ons as navolgers van Jesus moet vlug, uitwyk of emigreer na geestelike bomskuilings nie.** Wat hy wel in 2 Korintiërs 6 bedoel, is dat **ons leefstyl radikaal anders moet wees.** Nee, ons moenie veroordelend, dreigend of beterweterig op die geestelike hoëgrond rondstaan nie.

Ons roeping is om dienend in die wêreld aanwesig te wees. Ons moet daagliks huis daar aanmeld vir diens. Die ganse wêreld is immers God S'N! Dis sy aardse huis. Dis mos sy mense wat verlore daar in die wind en die weer rondhang!


Ons moet hulle daar in die Naam van Jesus gaan dien en liefhe, sonder om hulle ooit af te skryf.

Ek bid:

Here Jesus, U is die Here
U Naam is bokant elke naam hier op aarde
Net U is Heer
Daarom dat ek U vandag met my eie lewe eer
my elke dag op onbekende roetes in U Naam
Loop asseblief ook saam
Amen



Ds Leon Tait



MAANDBLADE

NG Rietfontein-Suid

FEBRUARIE 2010

2010 - Christus Eerste!




Waarvoor leef ek in 2010??

'n Ouer man het na diens kom vra: *ek wil vandag my saak en lewe met God reg maak! Wys my asb hoe? Met vreugde het hy die Here omhels as Here van sy lewe. Vir jare was hy 'n godsdiens-mens, maar sonder 'n persoonlike verhouding met die Here. By sy vreugde was daar ook tranen, want het hy gesê: soveel vermorste jare! Soveel vermorste jare!*

Oor jare heen het ek al soveel christenmense- wat self baie suksesvol was- met worsteling hoor sê: *ek het die Here se doel vir my lewe gemis! Hoeveel van alles wat ek bereik het, het ewigheidswaarde ? Vir wie het ek dit alles gedoen ?*

Waarvoor leef jy? Wat is jou passie? Wat is jou diepste begeerte of droom ? Wat wil jy die graagste in hierdie jaar bereik?

Het jy al die bekende muurbehangsel gesien waarop geskryf staan:



Paulus het sy lewensdoel en lewenspassie kort en kragtig uitgespel in Fil 1:21: vir my is die lewe Christus! Die enigste lewendsdae en-jare wat nie vermors is nie, is dié wat ek leef om Christus alleen te eer en groot te maak deur alles wat ek doen. Dit is 'n 121-lewe! (Fil 1:21).

Watter plek het **Christus** in jou drome, ideale, planne, begeertes, program, prioriteite en lewe van elke dag in/vir 2010?

Kies saam met my, om 'n 121-lewe elke dag van hierdie jaar te leef!

Ds Leon van Heerden



Getuienis



Getuienis taakspan is 'n klein agtergeblewe taakspan, maar wat tog sò belangrik is - Jesus se opdrag was tog om van hom te getuig.

Uitreik bediening se mikpunt gedurende hierdie jaar is om deur middel van gebed en harde werk, hierdie taakspan tot sy reg te laat kom, deur onder ander op kreatiewe maniere te getuig (wat 'n impak maak en mense selewens).

Interresante projekte wat aandag en opleiding vereis, duik orals op. Die werk is groot en belangrik maar beloof om baie interessant te wees. Soos die projekte ontplooい sal die gemeente ingelig word.

Graag hoor ons van u indien u belangstel om deel te wees van die taakspan vir Getuienis. Kontak gerus vir Carel de Beer by 083 443 9256, Tertia Dorfling by 076 188 4054 of ds Tait by 082 601 4235

!! Belangrike datums !!

- **2 Februarie**: Huweliksvoorbereiding (deel 2)
- **3 Februarie @ 18h30**: Toewydingsgeleenthed
- **7 Februarie @ 9h00**: Toewydings Nagmaal, Dankofferbelofte & Gemeente-ete
- **14 Februarie @ 9h00**: Barmhartigheidsdiens
- **21 Februarie @ 9h00**: Sendingdiens, Doop & gemeente-tee
- **28 Februarie @ 9h00**: Sendingdiens & Geloofsofferbelofte
- **28 Februarie @ 17h30**: Coram Deo diens
- **28 Februarie @ 18h30**: Jeugfees

Sien jou daar!



Nuwe Intrekkers



Anci Hugo &
Lemei v.d. Merwe




Anne-Marie van Zyl



Dirk & Suzette van den Berg



Hendrik, Antinette & Arno
Roestoff



Jaco & Liezel Nieuwenhuis



Lida & Johan Folscher

WELKOM-dit is 'n vorreg om julle in ons midde te hê!
Mag julle sommer vinnig deel voel- en wees van ons
lieflike Christus-familie.

Rietfontein Advertensies – Kostes

Blokkie#	Beskrywing	Paralel	Horisontaal	3 maande	6 maande
A	Dubbelblad(middel)	192	286	R360.00	R320.00
B	Vol blad	192	138	R175.50	R156.00
C	¾ Blad	144	138	R193.50	R172.00
D	¾ Blad	144	138	R130.50	R116.00
E	½ Blad	96	138	R85.50	R76.00
F	½ Blad	192	68	R85.50	R76.00
G	¼ Blad	48	138	R45.00	R40.00
H	¼ Blad	96	68	R45.00	R40.00
I	Visetè kaartjie	55	85	R31.50	R28.00
J	Visetè kaartjie	88	52	R31.50	R28.00
K	Stapel	48	68	R22.50	R20.00
L	Stapel	30	138	R27.00	R24.00
M	Stapel	42	30	R9.00	R8.00
N	Lyninskrywing	X25 karakters per lyn		R3.00	R3.00


** Lyninskrywings = x25 karakters per lyn (spasies en leestekens ingesluit)

Huweliksverryking

Alle verliefdes, verloofdes en (ou)getroudes!

- Datum:** 30 April 2010 - 2 Mei 2010
- Plek:** NG gemeente Rietfontein-Suid
- Spreker:** Dr Arnold Mol
- Koste:** R150 per paartjie (sluit in romantiese ete en verversings)

Registrasie: Vorms beskikbaar by **MI toonbank, kerkkantoor**, gemeente webblad of skakel Frieda by 083 235 0236



Program:

Vrydag

Hoe om ordentlik met jou maat te baklei

Saterdag

Maak kennis met jouself en jou maat

Saterdag

Romantiese ete

Sondag

Hoe om mense waarvan jy nie hou nie, lief te hê

** Aparte kleuter-en kinderkerk word aangebied



Sending

Chris en Eureka Botha het bedank as voorsitter en sekretaresse van die Sending taakspan. Cobus en Anena de Waal word welkom geheet as die nuwe voorsitter en sekretaresse. Ds Tait bly aan as die onder-voorsitter.

Die taakspan se hoof verantwoordelikheid lê nog by die Koerde. As gevolg van omstandighede in Irak, waar die Koerdiese kerk steeds ons ondersteuning geniet, begin ons fokus verskuif van die Koerde in Irak, na die Koerde in Armenië.

Ons ondersteun ook vir Alta Glass in Kambodja. Sy was in Suid-Afrika vir 'n besoek, en was in Desember 2009 in Australië vir die huwelik van haar dogter.


Nader aan ons is die van der Merwe's in Mosambiek, die Limpopo sendingaksie waar ons hande vat met ds Hannes Peens, en laastens die werk in Laudium.

Sonder ons gemeente se ondersteuning kan werk in die onderskeie lande nie voortgaan nie, wat tog sò belangrik is.

Belangrike datums om te onthou is die **sendingweek** in Februarie (**21–28 Februarie 2010**). Gedurende hierdie week kom vertel die sendelinge ons gemeente van hul doen en late.

Cobus de Waal se kontak nommer is 082 749 7846 of kontak ds Tait by 082 601 4235

ADVERTENSIES



- Privaat advertensies word vanaf 2010 in die **Rietfluit maandblad** geplaas.
- Hierdie advertensies word geplaas uitsluitlik vir doeleinades van NG Rietfontein-Suid gemeentelede – dit is 'n **diens** wat vanuit die gemeente **aan die gemeente** gebied word.
- Die advertensies word **maandeliks** op die laaste week van die maand **versprei** aan naastebly 600 lidmate (Rietfluit).
- **Buite-instansies / persone** kan ook adverteer (wat dan deels dien as borgskap), teen 'n verhoogde tarief.
- **Geen piramidee of riskante geldmaak skemas** word toegelaat vir adverteering nie.
- Sperdatums vir **indiening** van advertensies is op **elke eerste Vrydag** van die maand – geen laat advertensies sal aanvaar word nie.
- Alle advertensies is **strenghooruit betaalbaar**, voor die maandelikse afsnydatum.
- **Betaling** vir advertensies kan by die **kerkkantoor** of **myself** gedoen word.
- Advertensies sal slegs **geplaas word** nadat **bewys van betaling ontvang is**.
- Advertensies wat enige **foto's**, "**logos**", **prente** of **tekeninge** bevat, sal slegs in **elektroniese formaat** aanvaar word.
- Advertensies kan by die **kerkkantoor ingedien word** (slegs diè sonder grafika) of **elektronies (per e-pos)** gestuur word na **frieda2@mtnloaded.co.za**

Adverteer dienste, besighede, persoonlik, "smalls", ens. voortaan in die Rietfluit maandblad vir **maksimum blootstelling**.

Billike fooie vanaf so min as R3 tot R360 per advertensie per maand. **GRATIS plasing** van advertensies op die gemeente-**webblad** ingesluit.

Navrae: Frieda@ 083 235 0236 / friedam2@mtnloaded.co.za

Rietfluit advertensies - Blokkiegroottes

** Lyninskrywings word nie op die diagram aangedui nie. Een lyninskrywing bestaan uit **25** karakters **per lyn** (spasies en leestekens ingesluit). Voorbeeld: "Goeie huis gesoek vir Labrador hond. Skakel Santie by 083 588 9471")

